

ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

ERFOPVOLGINGSPLAN: KOMPONENTE VAN DIE PLAN

Die erfopvolgingsplan van 'n boerdery moet gewoonlik drie aspekte aanspreek naamlik die oordrag van arbeid, die oordrag van die bestuur en besluitneming en dan ook die oordrag van eienaarskap. Die oordragproses is veronderstel om met 'n ontwikkelingsplan gepaard te gaan waar die erfopvolger oor 'n tydsverloop deur die erflater opgelei word sodat hy die vaardighede kan ontwikkel om die totale boerdery suksesvol oor te neem.

Die oordrag van die drie aspekte kan nie sonder 'n erfopvolgingsplan uitgevoer word nie. Hierdie plan bestaan uit verskeie komponente en al die beginsels, behoeftes en instrumente wat reeds in hierdie reeks bespreek is moet aangewend word om die plan mee op te stel. Elkeen van die komponente, wat vervolgens bespreek sal word, staan op sy eie maar elkeen moet met die geheel inskakel om uiteindelik 'n naatlose eenheid te vorm.

Familiedeelname

Die erflater moet eerstens 'n beleid formuleer ten opsigte van sy familielede se betrokkenheid by die erfopvolging. Vorm hulle werklik deel van die erfopvolging en wat gaan elkeen se rol in die nuwe bedeling wees? Tweedens moet die familielede se betrokkenheid by die opstel van die plan bepaal word. Moet hulle kennis en insette in ag geneem word? Indien wel, moet die vyf W's van betrokkenheid van die familielede uitgespel word, naamlik:

- 1) **Wie** gaan aan die besluitneming en vergaderings deelneem? (Onthou dat familie-aangeleenthede afsonderlik van besigheidsaangeleenthede hanteer moet word!);
- 2) **Wat** moet tydens die verskillende vergaderings bespreek en besluit word?;
- 3) **Wanneer** moet vergaderings gehou word;
- 4) **Waar** moet vergaderings gehou word;
- 5) **Waarom** is die vergaderings nodig en wat is die doel daarvan?;

Elke familielid se verantwoordelikheid ten opsigte van bogenoemde vyf aangeleenthede moet duidelik, verkieslik skriftelik, gedefinieer word.

Aftreebeplanning

Die finansiële plan waarvolgens daar vir uittredende familielede voorsiening gemaak word moet gefinaliseer wees voordat die erfopvolging in werking tree. Dit moet uitspel hoeveel die uittredende lid gaan ontvang en hoe dit aan hom voorsien gaan word.

Oordrag van arbeid

Die plan vir die oordrag van arbeid moet opgestel wees. Die uittredende familielid se verdere

betrokkenheid by arbeidsaangeleenthede moet ook gedefinieer word. Hoewel hy nie meer deel van die daaglikse bestuur van die arbeid hoef te wees nie, kan hy steeds 'n rol speel by aangeleenthede soos personeelwerwing of dissiplinêre verhore.

Oordrag van bestuur

Die raamwerk vir die hantering van die bestuur en die besluitnemingsprosesse moet opgestel wees. Dit moet uitspel wie op sekere tye verantwoordelikheid vir besluite aanvaar en hoe die verantwoordelikhede uiteindelik van die uitredende geslag na die opvolgende geslag oorgedra gaan word.

Die ontwikkelingsprogram waarvolgens erfopvolgers opgelei moet word moet deel van hierdie komponent vorm. Indien daar meer as een erfopvolger is moet elkeen se verantwoordelikhede bepaal word. Dit mag onderling verskil omdat sekere erfopvolgers al vir 'n langer tydperk in die boerdery as ander betrokke kan wees en kan daarom meer verantwoordelikheid as die ander aanvaar.

Oordrag van eienaarskap

Die oordrag van eienaarskap het finansiële gevolge deurdat daar moontlik betaling by betrokke kan wees maar ook omdat van die bates vasmag kan wees as sekuriteit by finansiële instansies. Die oordrag van eienaarskap kan ook met sekere regsaspekte gepaard gaan en daarom moet die volgende in gedagte gehou word:

- Deur wie word die eiendom benut? Word dit besit, gehuur, verhuur of self bewerk?
- Deur watter besigheidsentiteit of in watter besigheidsvorm word die eiendom besit?
 - ♣ Eenmansaak
 - ♣ Vennootskap
 - ♣ Beslote korporasie
 - ♣ Maatskappy
 - ♣ Trust
- Watter finansieringsopsies kan vir die oordrag van eienaarskap oorweeg word?
- Is daar versekeringsbehoefte ten opsigte van die terugbetaling van 'n lening?

Gebeurlikheidsbeplanning

Die uiteindelijke erfopvolgingsplan word nie in een onmiddellike aksie uitgevoer nie. Dit behels gewoonlik die gelykdelike in- en uitfasering van erfgename en erflaters oor die verloop van 'n tydperk. Daarom kan die uitvoering van die plan beïnvloed word deur ekonomiese gebeure sowel as familiegebeure. Die gebeurlikheidsplan moet gevolglik alternatiewe bevat vir onvoorsiene gebeure soos afsterwe of ongeskiktheid van familielede, egskeidings onder familielede, siektes of beserings van familielede, finansiële mislukkinge van die boerdery en so kan die lys aangaan. Die testament is opsigself 'n gebeurlikheidsplan en sal dus 'n belangrike rol hierin speel.

Tydskedule

Enige plan moet 'n tydskedule bevat waarvolgens die voorstelle daarin uitgevoer gaan word. Die tydskedule moet dus uitspel wanneer sekere aktiwiteite binne die erfopvolgingsplan voltooi behoort te wees en wat die onmiddellike doelwitte is wat nagestreef gaan word. Vordering moet gereeld aan die tydskedule gemeet word en aanpassing daaraan moet gemaak word indien dit nodig is.

Slotsom

In die meeste intergenarasie erfopvolgings vind die oordrag van arbeid eerste plaas. Die erfopvolging kan nie hier stop nie en die oordrag van bestuur asook die uiteindelijke oordrag van eienaarskap moet ook plaasvind. Die gladde oordrag van veral bestuur en eienaarskap is 'n sleutelaspek van die hele proses en daarom is daar ondersteunende komponente ook betrokke soos familiedeelname en kommunikasie, aftreebeplanning vir uittredende familieledede en 'n gebeurlikheidsplan vir onvoorsiene gebeure. Uiteindelik moet die erfopvolgingsplan ook op 'n tydskedule vasgelê word sodat daar besliste doelwitte op sekere tydstippe behaal kan word.

BETHLEHEM

Mei 2004